

Tema: Waar pas ons in?

Woordbediening: 1 Korintiërs 4

Fokusteks: *“Dit lyk vir my God het aan ons, die apostels, die laaste plek in die ry gegee asof ons mense is wat tot die dood in die arena veroordeel is. Ons het ‘n skouspel geword vir die wêreld, vir engele sowel as mense.” (vers 9)*

“Hierdie dinge skryf ek nie om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys, want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader. Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!”(verse 14-16)

Paulus het gewéét waar hy en die ander apostels inpas in God se strategie. Hulle is soos ter dood veroordeeldes wat heel agter in die ry die arena instap. Hierdie “arena/teater” is oral waar hulle gaan. Die “toeskouers” is mense en engele!

Die mense spot met hulle. Die mense beledig en mishandel hulle asof hulle misdadigers is. Maar hulle hou aan om mense te seën en te dien en vriendelik te behandel. Boonop is hulle ook nog arm en ly hulle honger en dors. **Die ironie is dat God self aan hulle hierdie “laaste plek in die ry” gegee het.**

Waarom? Hulle egtheid en betroubaarheid (4:2) as dienaars van God wat die Gees van Christus het (2:16c) moet so bewys word.

Maar die gemeente van Korinte tree heeltemal anders op. Soos wat hulle optree sal jy sê hulle stap voor in die optog. Hulle leef soos konings, spog met hulle leraars en dink hulle is beter as ander. **Hulle moet terugkeer na die voorbeeld van Christus en sy apostels**, want die gemeente behoort aan Christus en aan God (3:23).

Waarom? Die gemeente is veiliger agter in die optog by Christus en sy apostels as ter dood veroordeeldes as voor in die optog waar hulle soos konings behandel word.

Vrae vir verdere toerusting:

- Watter aanmoediging verwag ons van ons predikers?
- Ons glo “aan ‘n heilige, algemene, Christelike/apostoliese kerk. Wat beteken dit?
- Hoe hanteer ek “die plek in die ry wat God aan my gee”?
- Wat dink jy van die Kategismus se stelling dat ons “in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees”?(Heid Kat v/a28, Son 10)